37.(1) The responsible Member of the Executive Council may, after consultation with the Board, the Portfolio Committee and any shareholders, who either solely or jointly hold twenty-five percent or more of the shares in the Company, make regulations regarding –

- (a) the circumstances under which and conditions upon which the Corporation may borrow funds;
- (b) the circumstances under which and conditions upon which the Corporation may dispose of any major assets;
- (c) the circumstances under which and conditions upon which the Corporation may distribute any surplus funds;
- (d) the voting rights of shareholders in the Company; or
- (e) the holding of, and procedure at, meetings of shareholders and the taking of decisions by shareholders without holding a meeting.

(2) In addition to matters contemplated in subregulation (1), the responsible Member of the Executive Council may regulate on –

- (a) the keeping of registers and records by the Board and right of the public to access any such register or record;
- (b) the form and contents of the annual report of the Corporation;
- (c) the location of the public office of the Corporation;
- (d) the giving and receiving of notices by the Corporation;

- (e) any other matter that the responsible Member of the Executive Council considers necessary for the proper implementation or the administration of this Act; or
- (f) any administrative or procedural matter necessary to give effect to the provisions of this Act.

(3) Any regulation with financial implications must be made in consultation with the Member of the Executive Council responsible for Finance.

General offences

38.(1) Any member who wilfully or in a grossly negligent manner fails to comply with section 8(3), (4) or 13(2), or any former member who failed to comply with, or contravened, any of the sections contemplated in this subsection, while being a member, is guilty of an offence.

(2) Any person who wilfully or in a grossly negligent manner fails to comply with section 20(3) is guilty of an offence.

(3) Any person who wilfully or in a grossly negligent manner contravenes section 35 is guilty of an offence.

(4) Any person who wilfully or in a grossly negligent manner contravenes section 26(1), (2) and (3), is guilty of an offence.

(5) A person is guilty of an offence if he or she directly or indirectly accepts any bribe or corruptly receives any fee or reward from any person in connection with anything done or offered by the Corporation.

(6) A person is guilty of an offence if he or she, in respect of, or in connection with, anything done or offered by the Corporation, bribes or attempts to bribe or corruptly influence or attempts to corruptly influence any person employed by, or acting on behalf of, the Corporation.

(7) Any person who wilfully or in a grossly negligent way falsely claims that he or she is authorised to charge or collect fees, donations or contributions on behalf of, or by direction of, the Corporation, is guilty of an offence.

Penalties

39. Any person convicted of an offence in terms of this Act is liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and imprisonment.

Repeal of law

40. The KwaZulu-Natal Ithala Development Corporation Act, 1999 (Act No. 2 of 1999), is hereby repealed.

Transitional arrangements and savings

41. Any act purported to have been done or performed in terms of a law repealed by this Act by the responsible Member of the Executive Council, the Corporation, a member or any employee of the Corporation before the commencement of this Act, and which may be done or performed in terms of this Act, must be regarded as having been done or performed in accordance with this Act.

Short title

42. This Act is called the KwaZulu-Natal Ithala Development Finance Corporation Act, 2013, and comes into operation on a date to be determined by the responsible Member of the Executive Council by notice in the *Gazette*.

No. 3

13 Februarie 2014

[Engelse teks deur die Premier geteken]

KWAZULU-NATAL
WET OP ITHALA ONTWIKKELINGSFINANSIERINGSKORPORASIE,
2013
(No. 05 van 2013)

Goedgeteken op 23-01-2014

WET

Om voorsiening te maak vir die voorgesette bestaan van die KwaZulu-Natal Ithala Ontwikkelingsfinansieringskorporasie Beperk, voorheen bekend as KwaZulu Finansierings- en Beleggingskorporasie Beperk, met die hoofdoel om volhoubare sosio-ekonomiese ontwikkeling in die Provinsie van KwaZulu-Natal te bevorder, ondersteun en fasiliteer in ooreenstemming met die groei- en ontwikkelingstrategie van die Provinsie; om die oogmerke, bevoegdhede, pligte en werksaamhede van die KwaZulu-Natal Ithala Ontwikkelingsfinansieringskorporasie Beperk te bepaal; om die wyse te bepaal waarop die KwaZulu-Natal Ontwikkelingsfinansieringskorporasie Beperk bestuur, beman en

gefinansier sal word; en om vir aangeleenthede wat daarmee verband hou voorsiening te maak.

DAAR WORD soos volg deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie van KwaZulu-Natal bepaal:-

RANGSKIKKING VAN ARTIKELS

Artikel

HOOFSUK 1 OMSKRYWINGS

1. Omskrywings

HOOFSUK 2 ITHALA ONTWIKKELINGSFINANSIERINGSKORPORASIE

2. Ithala Ontwikkelingsfinansieringskorporasie
3. Oogmerke en bedryfsgebied van Korporasie
4. Bevoegdhede, pligte en werksaamhede van Korporasie
5. Aandele, aandelekapitaal en aandeelhouding

HOOFSUK 3 RAAD VAN KORPORASIE

6. Samestelling van Raad
7. Onbevoegdheid om in Raad aangestel te word
8. Verklaring van finansiële of ander belange van Raadslede
9. Ampstermyn en heraanstelling van Raadslede
10. Vakatures, ontslag en bedanking uit amp van Raadslede
11. Tydelike skorsing van Raadslid
12. Vergaderings en vergaderingsprosedures van Raad
13. Onttrekking van lid aan vergaderings en verrigtinge van Raad
14. Besoldiging van Raadslede
15. Instelling van komitees om Raad by te staan
16. Koöptering van persone tot Raad of komitees van Raad

- #### HOOFSUK 4 HOOF- UITVOERENDE BEAMPTTE EN PERSONEEL VAN KORPORASIE
17. Hoof- Uitvoerende Beamppte van Korporasie

3

18. Werkzaamhede van Hoof- Uitvoerende Beampte
19. Bedanking en ontslag uit amp van Hoof- Uitvoerende Beampte
20. Personeel van Korporasie
21. Afstaan aan of oorpasing van personeel na Korporasie

HOOFSTUK 5
BELEIDSRIGLYNE EN KORPORATIEWE PLAN

22. Beleidsriglyne aan Raad
23. Korporatiewe Plan van Korporasie
24. Verbiedinge en beperkings op verspreiding van Korporasiewinste

HOOFSTUK 6
BEFONDSING EN FINANSIËLE BESTUUR VAN KORPORASIE

25. Fondse van Korporasie
26. Finansiële bestuur
27. Oudit en jaarverslag
28. Instelling en administrasie van spesiale fondse

HOOFSTUK 7
ITHALA BEPERK MAATSKAPPY IN STAATSBESIT

29. Ithala Beperk Maatskappy in Staatsbesit
30. Bevoegdhede van Maatskappy
31. Nakoming van vereistes van Bankewet
32. Ontbinding van Maatskappy

HOOFSTUK 8
ALGEMENE BEPALINGS

33. Sekuriteit van vertroulike inligting gehou deur Korporasie
34. Ontbinding van Korporasie
35. Gebruik van Korporasienaam
36. Delegerings
37. Regulasies
38. Algemene misdrywe
39. Boetes
40. Herroeping van wet
41. Oorgangsbepalings en besparings
42. Kort titel

HOOFSTUK 1 OMSKRYWINGS

Omskrywings

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

“**aandele**” aandele in die maatskappy bedoel in artikel 7;

“**aandelekapitaal**” fondse ingesamel deur die uitreiking van aandele in ruil vir kontant of ander oorwegings;

“**Bankewet**” die Bankewet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), en enige woord of uitdrukking waaraan ‘n betekenis toegewys is in die Bankewet of die Regulasies betreffende Banke, dra die betekenis daaraan toegewys;

“**belang**” sluit in, maar is nie beperk nie tot, ‘n persoonlike finansiële belang soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet;

“**Departement**” die departement in die Provinsiale Regering van KwaZulu-Natal verantwoordelik vir Ekonomiese Ontwikkeling;

“**Departementshoof**” die persoon aangestel as Departementshoof ingevolge artikel 12 van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994);

“**deposito**” ‘n deposito soos omskryf in artikel 1 van die Bankewet;

“**Grondwet**” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996);

“**hierdie Wet**” sluit die regulasies in;

“**Hoof- Uitvoerende Beamppte**” die Hoof- Uitvoerende Beamppte van die Korporasie aangestel ingevolge artikel 17;

“**Koerant**” die amptelike *Provinsiale Koerant* van KwaZulu-Natal;

“Korporasie” die Ithala Ontwikkelingsfinansieringskorporasie Beperk verwys na in artikel 2;

“lid” ‘n Raadslid van die Korporasie aangestel ingevolge artikel 6;

“lid van die publiek” sluit in ‘n regspersoon;

“Lid van die Uitvoerende Raad vir Finansies” die Lid van die Uitvoerende Raad van die Provinsie van KwaZulu-Natal verantwoordelik vir Finansies;

“Maatskappy” Ithala Beperk, ‘n Maatskappy in Staatsbesit, ‘n filiaal van die Ithala Ontwikkelingsfinansieringskorporasie Beperk, synde ‘n Maatskappy in Staatsbesit geïnkorporeer ingevolge die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);

“Maatskappywet” die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);

“Nasionale Tesourie” die Nasionale Tesourie ingestel deur artikel 5 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

“onregstreekse belang” sluit in, maar is nie beperk nie tot, ‘n persoonlike finansiële belang soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, van ‘n verwante of onderling verwante persoon soos bedoel in artikel 2 van die Maatskappywet;

“Portefeuljekomitee” die Portefeuljekomitee van die Provinsiale Wetgewer verantwoordelik vir Ekonomiese Ontwikkeling;

“Premier” die Premier van die Provinsie van KwaZulu-Natal verwys na in artikel 125(1) van die Grondwet;

“Provinsiale Regering” die Provinsiale Regering van die Provinsie van KwaZulu-Natal en, tensy die samehang anders aandui, sluit elke Departement in die Provinsiale Regering in;

6

“**Provinsiale Wetgewer**” die Wetgewer van die Provinsie van KwaZulu-Natal verwys na in artikel 105 van die Grondwet en wat beskik oor die wetgewende gesag vir die Provinsie soos bedoel in artikel 104(1) van die Grondwet;

“**Provinsie**” die Provinsie van KwaZulu-Natal bedoel in artikel 103 van die Grondwet en “**provinsiaal**” het ‘n ooreenstemmende betekenis;

“**Raad**” die Raad van die Korporasie aangestel ingevolge artikel 6;

“**Registrateur van Banke**” die Registrateur van Banke toegewys kragtens artikel 4 van die Bankewet;

“**regulasies**” regulasies gemaak ingevolge artikel 33;

“**regulasies betreffende Banke**” die regulasies ingevolge artikel 90 van die Bankewet;

“**roerende bate**” ‘n roerende bate soos omskryf in artikel 1 van die Bankewet;

“**Uitvoerende Raad**” die Uitvoerende Raad van die Provinsie van KwaZulu-Natal bedoel in artikel 132 van die Grondwet;

“**verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad**” die Lid van die Uitvoerende Raad van die Provinsie van KwaZulu-Natal verantwoordelik vir Ekonomiese Ontwikkeling; en

“**Wet op Openbare Finansiële Bestuur**” Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

HOOFSUK 2 ITHALA ONTWIKKELINGSFINANSIERINGSKORPORASIE

Ithala Ontwikkelingsfinansieringskorporasie

2.(1) Die KwaZulu Finansierings- en Beleggingskorporasie Beperk, ingestel deur Proklamasie R. 73 van 1978, en vervolgens hernoem deur die KwaZulu-Natal Wet op Ithala Ontwikkelingsfinansieringskorporasie, 1999 (Wet No. 2 van 1999), as Ithala

Ontwikkelingsfinansieringskorporasie Beperk, gaan voort om te bestaan en sal bekend staan as die Ithala Ontwikkelingsfinansieringskorporasie Beperk.

(2) Die Korporasie, verwys na in subartikel (1), bly 'n regs persoon.

(3) Die Korporasie is 'n provinsiale openbare entiteit behoudens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.

(4) Enige verwysing in enige ander wet of dokument na –

- (a) die Bantoebeleggingskorporasie van Suid-Afrika Beperk;
- (b) Ekonomiese Ontwikkelingskorporasie en Toerisme Beperk;
- (c) die KwaZulu Ontwikkelingskorporasie Beperk; of
- (d) die KwaZulu Finansies- en Beleggingskorporasie Beperk,

moet geag word as 'n verwysing na die Ithala Ontwikkelingsfinansieringskorporasie Beperk.

Oogmerke en bedryfsgebied van Korporasie

3. Die oogmerke van die Korporasie is om sosiale en ekonomiese ontwikkeling in die Provinsie te bevorder, ondersteun en fasiliteer deur –

- (a) finansiële hulpbronne te mobiliseer en finansiële en verwante ondersteuningsdienste te voorsien aan persone wat in die Provinsie domisilieer, gewoonlik woonagtig is of wat voortgaan om sake te bedryf binne die Provinsie;
- (b) beplanning, uitvoering, finansiering en monitering van die inwerkingstelling van ontwikkelingsprojekte en -programme in die Provinsie;
- (c) bevordering van, hulpverlening aan en aanmoediging van die ontwikkeling van die Provinsie se menslike hulpbronne en sosiale, ekonomiese, finansiële en fisiese infrastruktuur;
- (d) bevordering, aanmoediging en fasilitering van privaatsektorbelegging in die Provinsie en die deelname van die privaatsektor- en gemeenskapsorganisasies aan ontwikkelingsprojekte en -programme en bydrae tot ekonomiese groei en ontwikkeling in die algemeen te bevorder; en
- (e) op te tree as die Provinsiale Regeringsagent vir die verrigting van enige take en verantwoordelikhede wat met ontwikkeling verband hou wat, na die mening van die

Provinsiale Regering, meer doeltreffend en doelmatig verrig kan word deur 'n korporatiewe entiteit.

Bevoegdhede, pligte en werksaamhede van Korporasie

4. Met die verwesenliking van die oogmerke bedoel in artikel 3 en behoudens artikels 54(2), 66 en 68 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, kan die Korporasie –

(a) fondse en ander hulpbronne vanaf die openbare en private sektore insamel deur lenings te waarborg, toekennings en skenkings aan te vra en te ontvang op sodanige voorwaardes waarvoor ooreengekom mag word en behoudens enige voorwaardes wat deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad bepaal of voorgeskryf kan word;

(b) enige projek, program of onderneming beplan, fasiliteer, bevorder, uitvoer, finansier, belê in, of onderskryf, gemik op die bevordering van sosiale en ekonomiese ontwikkeling en toerisme in die Provinsie;

(c) tegniese en ander advies, opleiding, inligting en leiding voorsien en in die algemeen sodanige ondersteuning en bystand aanbied wat vir enige projek, program of onderneming benodig word, soos bedoel in paragraaf (b);

(d) deur die Maatskappy, geld leen of voorskiet, met of sonder sekuriteit, op sodanige voorwaardes soos hy mag goeddink, sodanige sekuriteit in verband daarmee neem soos hy mag goeddink, met inbegrip van –

(i) verbande;

(ii) notariële verbande;

(iii) pande;

(iv) sessies;

(v) retensieregte;

(vi) hipoteke;

(vii) waarborge;

(viii) sekuriteitsaktes; of

(ix) enige ander vorm van dekking of sekuriteit,

en sodanige stappe neem soos hy mag goeddink vir die verhaling van enige skuld en die beskerming en afdwinging van enige reg in verband daarmee; en

(e) waarborg, onderskryf of borg staan vir die skulde of kontraktoelike verpligtinge van enige persoon, enige persoon vrywaar van enige verlies, skade en kostes voortspruitend

uit die skulde of ander verpligtinge van enige ander persoon en, vir daardie doel, sekuriteitsaktes aangaan of enige ander vereiste vorm van sekuriteit voorsien;

(f) roerende of vaste eiendom, hetsy liggaamlik of onliggaamlik, verkry, hou, ontwikkel, verbeter, bestuur, daarmee handel, huur, verhuur, verkoop, oordra, skenk, sedeer, verhipotekeer, of andersins beswaar of vervreem;

(g) regspersone of verenigings van persone instel wat in staat is om uitvoering te gee aan enige oogmerk, bevoegdheid, werksaamheid of plig wat die Korporasie kan uitvoer ingevolge hierdie Wet, 'n belang by enige sodanige regspersoon verkry en enige sodanige belang vervreem, of om 'n lid van enige sodanige vereniging te word en sodanige lidmaatskap te beëindig;

(h) aandele behou in die Maatskappy bedoel in Hoofstuk 7;

(i) optree as direkteur, trustee, administrateur, bestuurder, eksekuteur, geregtelike bestuurder, likwidateur, agent of verteenwoordiger van enige persoon, openbare liggaam, boedel of besigheid en enige verteenwoordiger aan te wys om op te tree vir sodanige doel;

(j) besoldiging vir enige diens wat vir, of namens, enige persoon, met inbegrip van die Provinsiale Regering, te eis en te aanvaar;

(k) alle uitgawes in verband met sy administrasie betaal, bankrekeninge open, bedryf en sluit, sodanige rekeninge oortrek, om verhandelbare dokumente op te stel, aanvaar of endosseer en fondse wat nie onmiddellik vir sy sake benodig word nie, belê;

(l) reserwefondse skep, alle sodanige stappe neem soos wat hy nodig ag vir die beskerming en bewaring van sy –

(i) beleggings; of

(ii) finansiële belange,

en in die algemeen alle dinge doen wat nodig is vir die bestuur en administrasie van sy finansiële sake; en

(m) alle uitgawes in verband met die beskerming, bewaring en instandhouding van sy regte en bates betaal;

(n) alle stappe neem wat hy nodig ag vir –

(i) die verhaling van enige skuld; of

(ii) die afdwinging van enige verpligting wat aan hom verskuldig is deur enige persoon,

ingesluit die instelling van sodanige regstappe wat hy as dienstig ag; en

(o) personeellede van die Korporasie aanstel, skors, ontslaan, besoldig, oplei en huisves;

- (p) personeellede van die Korporasie voorsien van pensioenvoordele, siekteverlofvoordele of ander diensvoordele en in die algemeen alles doen wat nodig is om 'n toereikende personeelsterkte te ontwikkel en in stand te hou binne die Korporasie;
- (q) 'n amptelike seël hê en sodanige seël vir enige doel in die Provinsie gebruik;
- (r) in die algemeen, alle dinge doen wat nodig is vir –
 - (i) die verwesenliking van sy oogmerke;
 - (ii) die uitoefening van sy bevoegdhede; of
 - (iii) die bestuur en administrasie van sy sake; en
- (s) enige ander ding doen of aandag skenk aan enige ander aangeleentheid wat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad nodig ag vir die behoorlike inwerkingstelling van hierdie Wet; en
- (t) die Maatskappy bemaatig om deposito's wat aangebied word deur enige persoon te aanvaar, hou en belê, op sodanige voorwaardes soos die Minister van Finansies of Registrateur van Banke kan bepaal.

Aandele, aandelekapitaal en aandeelhouing

5.(1) Die gemagtigde aandelekapitaal van die Korporasie is sy uitgereikte aandelekapitaal op die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet, soos gehou deur die Korporasie in die Maatskappy.

(2) Behoudens sodanige voorwaardes wat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan voorskryf, kan die Korporasie alle uitgereikte aandele of 'n gedeelte daarvan oordra aan enige –

- (a) regspersoon;
- (b) vereniging van persone; of
- (c) openbare of privaatsektorliggaam,

wie se oogmerke nie met dié van die Korporasie strydig is nie: Met dien verstande dat individuele natuurlike persone nie aandeelhouers van die Korporasie kan word nie.

(3) Die Raad, met die goedkeuring van –

- (a) die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad; en
- (b) die aandeelhouers wat stem op 'n algemene vergadering, waar aandele oorgedra is aan aandeelhouers soos bedoel in subartikel (2),

kan, van tyd tot tyd –

(a) die aandeelkapitaal van die Korporasie verhoog in die mate wat die Raad dienstig ag, deur die skep van –

(i) gewone of voorkeuraandele; of

(ii) aandele van enige ander tipe of klas waarop hy kan besluit,

en sodanige aandele op ooreengekome voorwaardes uitreik; en

(b) die volgende verander –

(i) die bemagtiging en klassifikasie van aandele;

(ii) die getal gematigde aandele van elke klas; en

(iii) die voorkeure, regte, beperkings en ander voorwaardes gekoppel aan elke klas aandele.

(4) Enige aandeel in die Maatskappy kan uitgereik word met sodanige preferente, uitgestelde of ander spesiale regte, of behoudens sodanige beperkings waarop die Raad kan besluit, hetsy met betrekking tot dividende, stemming, teruggawe van aandeelkapitaal, of andersins.

(5) In die geval van voorkeuraandele, kan die Raad besluit –

(a) dat die aandeelhouers nie daarop geregtig is om te stem nie; of

(b) dat sodanige aandele afgelos kan word.

(6) Elke uitgereikte aandeel, ongeag sy klas, het een algemene stemreg daaraan gekoppel.

(7) Ten spyte van enigiets strydig met hierdie Wet, is elke uitgereikte aandeel gekoppel aan 'n onherroeplike reg van die aandeelhouer om te stem oor enige voorstel ten einde die voorkeure, regte, beperkings en ander voorwaardes gekoppel aan daardie aandeel te wysig.

HOOFSTUK 3 RAAD VAN KORPORASIE

Samestelling van Raad

6.(1) Die Raad bestaan uit –

(a) minstens sewe en hoogstens dertien lede aangestel deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad; en

(b) die Hoof- Uitvoerende Beampste, *ex officio*, soos bedoel in artikel 17(5).

(2) Lede van die Raad moet geskikte en gepaste persone wees om te dien in die belange van die Provinsie, en moet gesamentlik die volgende besit –

(a) toepaslike kennis of ondervinding in georganiseerde konstituerende dele binne die sakebedryf; en

(b) die volgende vaardighede, kundigheid en kwalifikasies –

(i) regsvaardighede, ondervinding en kwalifikasies;

(ii) finansiële vaardighede, ondervinding en kwalifikasies;

(iii) beleggingsondervinding of kwalifikasies;

(iv) bemarkingsondervinding of kwalifikasies;

(v) menslike hulpbron- of arbeidsondervinding of kwalifikasies; en

(vi) beplanning- of ontwikkelingsvaardighede en ondervinding.

(3) By die aanstelling van lede in die Raad, moet die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad verseker dat –

(a) historiese wanbalanse aangespreek word;

(b) die Raad gesamentlik die nodige en toepaslike vaardighede en kundigheid besit;

(c) die Raad verteenwoordigend is van persone in diens van of betrokke by die invoer, handel- en beleggingsakeondernemings in die Provinsie; en

(d) munisipale belange verteenwoordig word in die Raad op sodanige wyse dat billike ruimtelike verteenwoordiging van munisipaliteite behaal word: Met dien verstande dat hoogstens vier persone aangestel kan word op die Raad ten einde uitwerking te gee aan die bepalings van hierdie subartikel.

(4) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet –

(a) een van die lede van die Raad as Voorsitter van die Raad; en

(b) een van die lede van die Raad as Ondervoorsitter van die Raad,

aanwys.

(5) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet, by kennisgewing in die *Koerant*, enige belanghebbende partye binne die Provinsie uitnooi om kandidate te benoem vir aanstelling in die Raad.

(6) Die uitnodiging vir benoeming moet die volgende spesifiseer –

- (a) die benoemingsprosedure;
- (b) die benoemingsvereistes; en
- (c) die sluitingsdatum vir die benoeming.

(7) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet 'n benoemingskomitee aanstel om aanbevelings te maak aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad vir lede van die Raad.

(8) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet teweegbring dat die name van die persone aangestel in die Raad gepubliseer word in die *Koerant* en in minstens twee koerante, onmiddelik nadat sodanige persone skriftelik in kennis gestel is van hul aanstelling in die Raad.

(9) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet, binne twee maande na die aanstelling van lede in die Raad ingevolge subartikel (1), die Uitvoerende Raad en die Portefeuljekomitee inlig van die name van die aangestelde lede, insluitend die ampstermyn van hul aanstelling.

(10) Die artikel is van toepassing, met die nodige veranderings, op die vul van 'n vakature in die Raad.

Onbevoegdheid om in Raad aangestel te word

7.(1) 'n Persoon is onbevoeg om aangestel te word in die Raad of om in die Raad aan te bly, uit hoofde van die feit dat hy of sy –

- (a) 'n Parlements lid, lid van enige provinsiale wetgewer of enige munisipale raad is;
- (b) 'n ongerehabiliteerde insolvent is of word;
- (c) deur 'n bevoegde hof as geestelik siek verklaar is of word;
- (d) regstreeks of onregstreeks betrokke is by enige kontrak met die Korporasie en versuim om sy of haar betrokkenheid by so 'n kontrak en die aard daarvan te verklaar op die wyse vereis deur hierdie Wet;
- (e) 'n persoon onder kuratorskap is;
- (f) te eniger tyd uit 'n posisie van vertrouwe verwyder is as gevolg van wangedrag wat diefstal of bedrog insluit;

(g) skuldig bevind en gevangenisstraf opgelê is sonder die keuse van 'n boete, buiten dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad 'n vonnis kan kondoneer by ontvangs van 'n beëdigde verklaring waarin volle besonderhede van 'n misdryf, deur 'n persoon benoem vir aanstelling, verklaar word op 'n wyse wat ooreenstem met artikel 106(1)(e) van die Grondwet: Met dien verstande dat onbevoegdheid ingevolge hierdie subartikel vyf jaar nadat die vonnis voltooi is, eindig; en

(h) versuim om 'n belang bedoel in paragraaf (d) openbaar te maak, of aan die verrigtinge van die Raad deelgeneem het of dit bygewoon het, terwyl 'n belang besit is soos bedoel in vermelde paragraaf.

(2) 'n Persoon wat onderhewig is aan 'n onbevoegdheid bedoel in subartikel (1)(a), (1)(b) of (1)(g) kan benoem word vir aanstelling as 'n lid maar kan slegs aangestel word indien hy of sy, ten tye van sodanige aanstelling, nie meer onderhewig is aan daardie onbevoegdheid nie.

Verklaring van finansiële of ander belange van Raadslede

8.(1) 'n Persoon wat benoem is om in die Raad te dien ingevolge artikel 6(5) moet, binne tien dae na die benoeming, 'n skriftelike verklaring van alle regstreekse of onregstreekse belange in enige maatskappy of ander sakebelange by die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad indien.

(2) Enige versuim deur die benoemde om finansiële of ander belange bekend te maak ingevolge subartikel (1) diskwalifiseer sodanige benoemde, ingevolge artikel 7(1)(h), van ooreweging vir die posisie as Raadslid.

(3) Elke Raadslid moet, by aanvaarding van die ampstermyn en aan die begin van elke boekjaar van die Korporasie, 'n skriftelike verklaring indien by die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad van sy of haar regstreekse of onregstreekse belang in enige maatskappy of ander sakebelang.

(4) Waar 'n lid 'n belang in enige maatskappy of enige ander sakebelang verkry te eniger tyd tydens sy of haar ampstermyn as 'n Raadslid, moet hy of sy, binne tien dae vanaf die datum van die verkryging van sodanige belang, 'n skriftelike verklaring van sodanige belang by die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad indien.

(5) Enige versuim aan die kant van die lid om sy of haar belang bekend te maak, soos bedoel in subartikels (3) en (4), maak 'n grondige rede uit vir die beëindiging van die aanstelling van sodanige lid ingevolge artikel 10(2).

(6) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet 'n opgedateerde register van die belange van Raadslede, wat bekend gemaak is ingevolge hierdie artikel, byhou.

Ampstermyn en heraanstelling van Raadslede

9. Die persone aangestel in die Raad beklee die amp vir 'n tydperk van drie jaar, of sodanige korter tydperk soos deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad bepaal en is, behoudens artikel 6, verkiesbaar vir heraanstelling by die verstryking van sodanige tydperk: Met dien verstande dat geen persoon heraangestel kan word nadat hy of sy vir meer as drie opeenvolgende termyne op die Raad gedien het nie.

Vakatures, ontslag en bedanking uit amp van Raadslede

10.(1) 'n Lid wat onbevoeg raak ingevolge artikel 7, hou onmiddelik op om 'n lid te wees.

(2) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan, nadat die lid 'n geleentheid gebied is om sy of haar saak te stel, die ampstermyn van sodanige lid te eniger tyd beëindig indien, na sy of haar mening, daar grondige en afdoende redes is om dit te doen.

(3) 'n Lid moet sy of haar amp ontruim indien hy of sy sonder vooraf toestemming van die Raad afwesig is van twee opeenvolgende vergaderings van die Raad waarvoor redelike kennis persoonlik of per pos aan daardie lid gegee is.

(4) 'n Lid kan uit sy of haar amp bedank deur nie minder nie as 30 dae skriftelike kennis aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad te gee: Met dien verstande dat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad van die bedankingskennisgewing kan afsien.

(5) Wanneer 'n vakature op die Raad ontstaan, en buiten 'n vakature wat ontstaan uit hoofde van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad wat sy of haar bevoegdhede uitoefen

ingevolge subartikel (2), moet die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, behoudens artikel 6, 'n persoon aanstel om sodanige vakature te vul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die lid in wie se plek sodanige persoon aangestel is.

(6) Sou dit gebeur dat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad sy of haar bevoegdhede uitoefen ingevolge subartikel (2), kan hy of sy, nieeenstaande die prosedure vir die aanstelling van die Raadslede uiteengesit in artikel 6, maar behoudens artikels 6(2) en 6(3), persone aanstel om te dien as Raadslede op 'n tussentydse basis: Met dien verstande dat –

- (a) die persone aangestel ingevolge hierdie subartikel nie op die Raad kan aanbly vir 'n tydperk van meer as 60 dae vanaf hul aanstellingsdatum nie; en
- (b) die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, onderhewig aan artikel 6, binne 60 dae vanaf die aanstelling bedoel in hierdie subartikel, die Raadslede moet aanstel vir 'n termyn soos bedoel in artikel 9.

Tydlike skorsing van Raadslid

11. Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan 'n Raadslid skors terwyl die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad bewerings ondersoek wat, indien gevind word om juis te wees, kan lei tot die beëindiging van die lid se aanstelling ingevolge artikel 10(2).

Vergaderings en vergaderingsprosedures van Raad

12.(1) Enige vergadering van die Raad moet gehou word op 'n tyd, datum en 'n plek bepaal deur die voorsitter van die Raad.

(2) Die kworum vir 'n vergadering van die Raad is die meerderheid van die lede.

(3) Die verrigtinge by 'n vergadering van die Raad moet behoudens die bepalings van hierdie artikel deur die voorsitter van die Raad bepaal word.

(4) Die voorsitter van die Raad moet voorsit by alle vergaderings van die Raad: Met dien verstande dat in sy of haar afwesigheid die ondervoorsitter van die Raad moet voorsit en, in die geval dat beide die voorsitter en ondervoorsitter nie teenwoordig is by 'n vergadering van die

Raad nie, die aanwesige lede uit hul eie geledere 'n persoon kan verkies om as voorsitter van die Raad waar te neem vir die duur van daardie bepaalde vergadering.

(5) 'n Besluit van die Raad moet geneem word deur 'n meerderheid van die stemme van die lede wat by 'n vergadering teenwoordig is en in die geval van 'n staking van stemme oor enige aangeleentheid, besit die voorsitter van die Raad 'n beslissende stem buiten sy of haar gewone stem.

(6) Die Raad moet notules van sy vergaderings hou.

(7) Geen besluit van die Raad is ongeldig slegs op grond van 'n vakature in die Raad nie: Met dien verstande dat die besluit geneem word deur die vereiste meerderheid van die Raadslede dan teenwoordig en wat geregtig is daarop om as Raadslede te sit.

(8) 'n Meerderheid van die Raad kan 'n buitengewone vergadering van die Raad roep.

(9) Die Raad kan, volgens sy diskresie, lede van die publiek toelaat om enige vergadering van die Raad by te woon.

Onttrekking van lid van vergaderings en verrigtinge van Raad

13.(1) 'n Raadslid moet hom- of haarself van 'n saak onttrek wat deur die Raad ondersoek, oorweeg of oor gestem word indien een of meer van die volgende geld –

- (a) indien hy of sy 'n regstreekse of onregstreekse belang het; of
- (b) indien daar 'n moontlikheid bestaan dat 'n regstreekse of onregstreekse belang mag ontstaan.

(2)(a) Indien dit in enige stadium tydens die verloop van enige verrigtinge voor die Raad blyk dat 'n lid wat by daardie vergadering teenwoordig is, 'n belang soos bedoel in subartikel (1) het of kan hê, moet sodanige lid onverwyld die aard van sy of haar belang verklaar en die vergadering verlaat.

(b) Die lid bedoel in subartikel (2)(a) kan nie deelneem aan enige stemming verbonde aan 'n aangeleentheid waarin hy of sy 'n belang, bedoel in subartikel (1), kan hê nie.

(3) Enige bekendmaking ingevolge subartikel (1) moet aangeteken word in die notules van die betrokke vergadering.

(4) Indien dit daarna blyk dat die Raad 'n besluit geneem het oor 'n saak ten opsigte waarvan 'n lid versuim het om 'n belang bedoel in subartikel (1) te verklaar, is sodanige besluit deur die Raad ongeldig.

(5) Die besluit bedoel in subartikel (4) kan –

- (a) behoudens die goedkeuring van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, bekragtig word deur 'n resoluëie van die Raad na die bekendmaking van sodanige belang; of
- (b) deur 'n gehof as geldig verklaar word.

Besoldiging van Raadslede

14.(1)(a) 'n Raadslid kan sodanige besoldiging en toelaes betaal word uit die fondse van die Korporasie, soos bepaal kan word deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad in oorlegpleging met die Lid van die Uitvoerende Raad vir Finansies.

(b) 'n Raadslid, wat besoldiging, toelaes en ander voordele ontvang uit hoofde van sy of haar pos of indiensneming in –

- (i) die Nasionale Regering;
- (ii) 'n provinsiale regering;
- (iii) 'n munisipaliteit; of
- (iv) 'n korporasie, liggaam of instelling waarin die Nasionale of 'n provinsiale regering 'n beherende belang het,

en wat voortgaan om sodanige besoldiging, toelaes of ander voordele te ontvang terwyl hy of sy as 'n Raadslid dien, kan slegs vergoeding en toelaes ontvang soos vermeld in subartikel (1)(a) tot die omvang wat vereis word om sodanige lid in die finansiële posisie te plaas waarin hy of sy sou gewees het indien dit nie vir sodanige pos of diens was nie.

(2)(a) 'n Raadslid kan, ten opsigte van sy of haar werksaamhede as 'n lid of gekoöpteerde lid, vergoeding ontvang uit die fondse van die Korporasie vir redelike werklike reis-en-verblyfuitgawes genoodsaak deur die werklike bywoning van 'n vergadering van die Raad.

(b) Die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Finansies moet prosedures, insluitende beheermaatreëls, bepaal vir die bestuur, hantering en verwerking van eise vir reis-en-verblyfuitgawes bedoel in subartikel (2)(a).

Instelling van komitees om Raad by te staan

15.(1) Die Raad kan komitees instel wat bestaan uit een of meer van sy lede om –

- (a) die Raad by te staan in die verrigting van enige van die bevoegdhede, pligte of werksaamhede van die Korporasie bedoel in artikel 4; of
- (b) navraag of navorsing te doen oor enige aangeleentheid wat binne die mandaat van die Raad ingevolge hierdie Wet val.

(2) Die Raad moet die volgende instel –

- (a) 'n ouditkomitee, in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur; en
- (b) 'n besoldigingskomitee wat verantwoordelik is vir –
 - (i) die maak van aanbevelings betreffende besoldigingstoelaes en ander voordele van die persone bedoel in artikel 25(2)(a); en
 - (ii) die bepaling van prosedures, insluitend beheermaatreëls vir die bestuur, hantering en verwerking van eise vir reis-en-verblyfuitgawes.

(3) Wanneer 'n komitee bedoel in subartikel (1) ingestel word, moet die Raad –

- (a) die verwysingsterme van sodanige komitee bepaal, insluitend, maar nie beperk nie tot, hetsy of nie sodanige komitee ophou om te bestaan wanneer die taak of take toegeken daaraan deur die Raad voltooi is;
- (b) 'n voorsitter van sodanige komitee aanstel, wat 'n Raadslid moet wees; en
- (c) bepaal hetsy of nie sodanige komitee persone wat nie Raadslede is nie kan koöpteer en, indien wel, op watter terme en voorwaardes.

(4) Die Raad kan, te eniger tyd, die bestaan van 'n komitee, of enige mandaat aan 'n komitee gegee, beëindig, hetsy sodanige komitee die taak of take toegeken daaraan deur die Raad voltooi het aldan nie.

(5)(a) Die Hoof- Uitvoerende Beamppte kan 'n vergadering van 'n komitee bedoel in subartikels (1) en (2) bywoon en deelneem daaraan, maar kan nie stem nie.

(b) 'n Personeellid van die Korporasie kan, by uitnodiging van die betrokke komitee, 'n vergadering van daardie komitee bywoon, maar kan nie stem nie.

Koöptering van persone tot Raad of komitees van Raad

16.(1) Die Raad kan, indien hy van mening is dat 'n bepaalde persoon in staat is om die Raad by te staan met betrekking tot enige van sy werksaamhede en bevoegdhede, sodanige persoon koöpteer vir daardie doel.

(2) 'n Persoon gekoöpteer ingevolge subartikel (1) is nie geregtig daarop om te stem by enige vergadering van die Raad of 'n komitee van die Raad nie.

(3) 'n Persoon gekoöpteer ingevolge subartikel (1) kan sodanige besoldiging en toelaes betaal word uit die fondse van die Korporasie soos deur die Raad bepaal kan word, in oorleg met die Lid van die Uitvoerende Raad vir Finansies.

HOOFSTUK 4

HOOF- UITVOERENDE BEAMPTTE EN PERSONEEL VAN KORPORASIE

Hoof- Uitvoerende Beamppte van Korporasie

17.(1) Die Raad moet, in oorleg met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, die Hoof- Uitvoerende Beamppte van die Korporasie aanstel.

(2)(a) Die Hoof- Uitvoerende Beamppte word aangestel vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar.

(b) Die Hoof- Uitvoerende Beamppte kan heraangestel word vir een bykomende ampstermyn van hoogstens vyf jaar.

(3)(a) Die aanstelling van die Hoof- Uitvoerende Beamppte is onderhewig aan die sluiting van 'n skriftelike prestasie-ooreenkoms aangegaan tussen daardie persoon en die Korporasie.

(b) Die Korporasie en die Hoof- Uitvoerende Beamppte kan, skriftelik en volgens ooreenkoms, die prestasie-ooreenkoms bedoel in subartikel (3)(a) wysig.

(4) Vir die doeleindes van die verklaring van finansiële of ander belange, is die bepalings van artikel 8 van toepassing, met die nodige veranderings, op die Hoof- Uitvoerende Beampte buiten dat die Hoof- Uitvoerende Beampte sy of haar belange aan die Raad moet verklaar.

(5) Die Hoof- Uitvoerende Beampte is 'n *ex-officio* Raadslid maar het nie die reg om by die Raad se vergaderings te stem nie.

Wersaamhede van Hoof- Uitvoerende Beampte

18.(1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte is verantwoordelik vir –

- (a) die administratiewe en finansiële bestuur van die Korporasie in ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, kragtens die opdrag van die Raad;
- (b) die aanstelling van personeellede van die Korporasie, na oorlegpleging met die Raad, bedoel in artikel 20(1);
- (c) met die goedkeuring van die Raad, die bepaling van 'n gedragskode van toepassing op die Hoof- Uitvoerende Beampte en alle personeellede van die Korporasie ten einde –
 - (i) nakoming van toepaslike wetgewing, met inbegrip van hierdie Wet;
 - (ii) die doeltreffende, doelmatige en ekonomiese gebruik van die Korporasie se fondse en hulpbronne;
 - (iii) die bevordering en handhawing van 'n hoë standaard van professionele etiek;
 - (iv) die voorkoming van botsende belange;
 - (v) die beskerming van vertroulike inligting gehou deur die Korporasie; en
 - (vi) professionele, eerlike, onpartydige, regverdige, etiese en billike diens, te verseker; en
- (d) die handhawing van dissipline van die personeellede van die Korporasie aangestel ingevolge subartikel (1)(b);
- (e) die byhou en instandhouding van die register van belange verklaar deur personeellede van die Korporasie; en
- (f) die versekering van nakoming van die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur deur die Raad, en enige ander toepaslike wetgewing.

(2) Indien die Hoof- Uitvoerende Beampte, om enige rede, nie in staat is om enige van sy of haar wersaamhede te verrig nie, moet die Raad, in oorleg met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, enige geskikte kandidaat uit die personeellede van die Korporasie aanstel

as Waarnemende Hoof- Uitvoerende Beampte totdat die Hoof- Uitvoerende Beampte in staat is om sy of haar werksaamhede te hervat.

Bedanking en ontslag uit amp van Hoof- Uitvoerende Beampte

19.(1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte ontruim amp –

- (a) in die geval van bedanking, wanneer die bedanking van krag word;
- (b) wanneer hy of sy onbevoeg raak ingevolge artikel 7; en
- (c) by ontslag uit amp ingevolge subartikel (2).

(2) Die Raad kan, in oorleg met die lid van die Uitvoerende Raad, die Hoof- Uitvoerende beampte se diens beëindig in ooreenstemming met toepaslike indiensnemings- en arbeidsreg.

Personeel van Korporasie

20.(1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet, behoudens artikel 18(1)(b) en subartikel (2), personeellede van die Korporasie in diens neem soos wat redelikerwys nodig blyk te wees –

- (a) om hom of haar by te staan in die verrigting van sy of haar werksaamhede ingevolge hierdie Wet; en
- (b) om die Raad by te staan met werk bykomstig tot die verrigting van sy werksaamhede.

(2) Die Raad moet, behoudens artikel 25(4), 'n menslike hulpbronbeleid bepaal vir personeellede, insluitend die Hoof- Uitvoerende Beampte, van die Korporasie.

(3) Vir doeleindes van die verklaring van finansiële of ander belange, en behoudens artikel 18(1)(e), is die bepalings van artikel 8(3), (4) en (5) van toepassing, met die nodige veranderings, op personeellede van die Korporasie.

(4) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet 'n opgedateerde register, van die belange van personeellede van die Korporasie wat ingevolge subartikel (3) verklaar is, byhou.

Afstaan aan of oorplasing van personeel na Korporasie

21. Die Korporasie kan die dienste aanwend van persone wat afgestaan is of oorgeplaas is vanaf die staatsdiens, in ooreenstemming met die bepalings van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1993).

HOOFSUK 5 BELEIDSRIGLYNE EN KORPORATIEWE PLAN

Beleidsriglyne aan Raad

22.(1) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, na oorlegpleging met die Raad en die Portefeuljekomitee, en in oorleg met die Premier in Uitvoerende Raad, kan strategiese riglyne stel vir die nastrewing van die Korporasie se oogmerke deur beleidsriglyne aan die Raad uit te reik.

(2) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan, eweneens, enige beleidsriglyn bedoel in subartikel (1) onttrek of wysig.

(3) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan nie enige beleidsriglyn uitreik wat teenstrydig met die bepalings van hierdie Wet of enige ander wet wat bindend op die Korporasie is nie.

(4) 'n Beleidsriglyn bedoel in subartikel (1) moet –

- (a) skriftelik wees;
- (b) deur die Lid van die Uitvoerende Raad onderteken wees; en
- (c) geadresseer word aan die Voorsitter van die Raad.

(5) Die Raad moet verseker –

- (a) dat 'n rekord gehou word van alle huidige beleidsriglyne; en
- (b) dat lede van die publiek toegangsreg tot hierdie rekord het.

(6) Die Raad moet aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, in sy jaarverslag, verslag lewer oor die mate waarin hy alle geldende beleidsriglyne nagekom of nie nagekom het nie.

Korporatiewe Plan van Korporasie

23. Die Raad moet die ontwikkeling en inwerkingstelling van 'n korporatiewe plan in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur verseker.

Verbiedinge en beperkings op verspreiding van Korporasiewinste

24. Die Lid van die Uitvoerende Raad kan, by kennisgewing in die *Koerant*, sodanige verbiedinge en beperkings op –

- (a) die verdeling van die Korporasiewinste; en
- (b) die vervreemding van die Korporasie se groot bates,

oplê wat hy of sy vir goeie bestuur van die Korporasie nodig mag ag.

HOOFSTUK 6
BEFONDSING EN FINANSIËLE BESTUUR VAN KORPORASIE

Fondse van Korporasie

25.(1) Die fondse van die Korporasie bestaan uit –

- (a) geld bewillig deur die Provinsiale Wetgewer;
- (b) rente op beleggings van die Korporasie; en
- (c) inkomste wat wettig van enige ander bron afkomstig is.

(2) Die Korporasie moet sy fondse aanwend –

- (a) vir die betaling van besoldiging, toelaes en reis-en-verblyfuitgawes van –
 - (i) die lede;
 - (ii) die gekoöpteerde lede van die Raad of lede van die komitees van die Raad;
 - (iii) die Hoof- Uitvoerende Beampte; en
 - (iv) die personeellede van die Korporasie; en
- (b) om kostes te dek met betrekking tot –
 - (i) die dag-tot-dag bedryf en administrasie van die Korporasie; en
 - (ii) die uitvoering van die pligte en funksies van die Korporasie en die uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge hierdie Wet.

(3) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet, met die instemming van die Raad –